

5 September

Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 13

### Die voorsienigheid van God

Paulus sit in die tronk. Romeinse selle was nie hotelle nie. Gevangenes moes self betaal, of was op hulp van buite aangewese vir kos, klere en 'n spoedige verhoor. 'n Wanhopiger situasie kan 'n mens jou moeilik indink. Omkoopgeld aan invloedrykes en aanroeping van Geluk (Fortunas) was aan die orde van die dag.

Wie egter glo dat God voorsien, vertrou nie op geluk of onwettigheid nie; daarom volg Paulus 'n ander pad. In sy omstandighede dink hy eerstens aan die duur prys wat God vir hom betaal het – sy eie Seun! Wat God so duur gekoop het sal Hy mos versorg! Hy jubel dus (vers 19) oor God se “wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus”.

Dit geld ook vir jou vandag. Desperate situasies vra eerstens dat jy jou aandag bly toespits op die wonderlike rykdom in Christus Jesus wat onvervreembaar joune is. God HET voorsien en Hy SAL voorsien. Hoe? Ja, natuurlik kan dit op 'n bonatuurlike wyse gebeur. Paulus het dit al self belewe (Hand 16:25-26). In ons Skrifgedeelte voorsien God egter anders. Sy voorsienigheid lê daarin dat Paulus GEHELP en BEHELP word.

Paulus word *ge-help* deur medegelowiges wat 'n bydrae tot sy “rekening van inkomste en uitgawes” maak (vers 15). Moenie te skaam wees (of te trots) om sulke hulp te vra of te aanvaar nie. Kyk verby mense en sien dit is God wat so voorsien.

Paulus word egter ook *be-help*. *Behelp* is om self in jou omstandighede reg te kom. Om jouself te behelp kom nie maklik nie. Jy (soos Paulus) moet dit leer (vers 11). As Paulus egter begin om homself te behelp, ontdek hy dat God hom wonderlike krag gee om alles wat nodig is, te doen.

God voorsien! Die manier waarop Hy dit doen is my en jou blye ontdekkingsreis, ook vir hierdie dag.

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~